Sorg vir jou diere met liefde en respek.

Hulle kan nie praat nie: Dit is troeteldier-eienaars se verantwoordelikheid om namens diere te praat en te sorg dat hulle kry wat nodig is.

Kyk vir veranderings in jou troeteldier se lyftaal om vroegtydig probleme te identifiseer.

Leer hoe om jou dier te versorg, en leer dan jou familie en kinders hoe om mooi na hulle te kyk.

Volwassenes moet die voorbeeld stel:

- Toon liefde en respek teenoor
- jou diere en ook alle ander diere.
- Help wanneer diere seerkry.
- Leer kinders en ander volwassenes om dieselfde te doen.



## Goeie redes om jou hond/kat te steriliseer:

- Hulle sal langer gesond wees en beter lewens lei.
- Hulle sal beter geselskap wees.
- Hulle sal waarskynlik minder rondloop.
- Hulle sal waarskynlik minder baklei.
- Wyfies se kans om baarmoederinfeksie/kanker te kry
- is skraler.
- Mannetjies se kans om vergrote prostaat/kanker te
- kry, is skraler.
- Mannetjies sal minder aggresief wees teenoor honde
- en mense.
- Mannetjies sal minder gedragsprobleme toon.
- Daar sal minder siektes wees, minder wreedheid
- teenoor diere en gesonder gemeenskappe vir almal.

**FOUR PAWS** is 'n globale dierewelsynsorganisasie. Ons soek 'n wêreld waar diere met respek, empatie en begrip behandel word.


**FOUR PAWS Animal Welfare Foundation**
The Green Building, 9B Bell Crescent
Westlake Business Park, Kaapstad, 7945
Telefoon: +27 (0)21 702 4277
E-pos: office@four-paws.org.za
Web: www.four-paws.org.za


Bankbesonderhede: FNB
Rekening nommer: 621 3954 7759
Takkode: 230 133

# Hoe om 'n meer verantwoordelike troeteldiereienaar te wees



Animal Welfare. Worldwide.

# WEES HUL STEM



## SORG

Respekteer alle diere en laat hulle toe om hul natuurlike gedrag uit te leef.



Volg ons op facebook. Soek vir **FOUR PAWS South Africa** - vir nog lekker wenke oor hoe om 'n meer verantwoordelike troeteldiereienaar te wees.

# dit is jou verantwoordelikheid



## GEMAK

Jou troeteldier het die skuiling van die weer nodig, sowel as 'n droë warm bed.

## BEHOEFTES

Diere, nes kinders, het elke dag voedsame kos en vars, skoon water nodig.

## SOSIALISEER

Gesels met jou diere en leer hulle om sosiaal aanvaarbaar te wees sodat ons almal lekker saam kan leef.

## LIEFDE

Vorm sterk, liefdevolle bande met jou diere. Sorg mooi vir hulle. 'n Hond sal jou beskerm en geselskap hou.




## HELP

As jy 'n beseerde of mishandelde diertjie sien, bel jou plaaslike SPCA/DBV tak of dierewelsyn.

HELP!

## VEILIG

Maak jou erf toe. Gebruik 'n gemaklike halsband en naamplaatjie. Hou jou hond op 'n leiband as julle buite die erf is.

## OEFEN

Jou troeteldier kort fisiese oefening en moet spasie hê om te beweeg.

## SKOON

Hou jou dier skoon van vlooie en bosluise.

Die plek waar hulle woon moet ook skoon wees, dit sal jou en jou familie ook gesond hou.

## GESONDHEID

Inentings, veearts besoeke en sterilisasie sorg dat jy 'n gesonde en gelukkige troeteldier het.